Noordelike Sinode

TAAKSPAN BEELD VAN DIE KERK
Verslag

1. Opdrag

Om o.a. aan die hand van navorsing te besin oor die beeld van die kerk en moontlike aksieplanne voor te stel.

2. Taakspan

Neels Jackson en 7 respondente

3. Uitvoering

Die gedagte om oor die beeld van die kerk na te dink het voortgevloei uit die Noordelike Sinode se sitting by Weesgerus in Oktober 2022. Die beeld van die kerk in die samelewing word dikwels as baie negatief geteken. Woorde soos: *Irrelevant, besig met rantsake, mis die punt, maak geen verskil nie, baklei oor onbenullighede*, word meermale teëgekom.

Na baie oorweging is besluit dat Neels Jackson ‘n perspektief op die beeld van die kerk sou skryf en dat ‘n aantal persone se respons daarop gevra sou word. Neels is ‘n bekroonde joernalis en het na baie jare as kerklike verslaggewer vir Beeld en daarna as redakteur van Kerkbode, die NG Kerk se koerant, ‘n boek gepubliseer met die titel: *Drie dekades van verandering.*

Die respondente het anoniem aan die proses deelgeneem. Vir perspektief word die volgende inligting oor hulle wel gedeel:

- Die leefwêrelde waaruit die respondente kom sluit o.a. die sakewêreld, akademie, menswetenskappe, opleiding, diplomatieke diens en die kunste in.
- Nie een is ‘n predikant nie.
- Drie is vroue en vier is mans.
- Hulle ouderdomme wissel tussen dertig en sewentig.
- Vier is kerkgangers, maar almal beskou hulleself as gelowiges.

4. Neels se perspektief

In ’n verbruikerskultuur waar alles (ook die kerk) ’n produk word en waar bemarking ’n allerbelangrike rol speel, is dit te verstane dat daar kommer is oor die beeld van die kerk na binne en buite. Dit is egter belangrik dat die NG Kerk vanuit sy gereformeerde wortels haar in die eerste plek laat lei deur die woord van die Here. In dié verband kan ’n paar tekste rigtinggewend wees.

Die eerste hiervan is Jesus se woorde in Matteus 6:1-4: *“Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om deur mense gesien te word nie, want dan kry julle geen belonging van julle Vader at in die hemel is nie. As jy byvoorbeeld armes help, moet dit nie uitbasuin nie. Dit doen die skynheiliges in die sinagoges en op straat, sodat mense met lof van hulle kan praat. Dit verseker ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. Nee, as jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, sodat jou goeie daad verborge kan bly. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.”*

Dit is ’n baie duidelike vermaning dat die kerk nie haar eie lof moet besing nie. Die kerk moet dus versigtig wees om haar eie beeld in die oë van die wêreld te poets.

Daar is egter ’n tweede teks, ook Jesus se woorde, ook deel van sy bergrede, wat net in die vorige hoofstuk staan en wat ook vir hierdie opdrag ter sake is. Dit is Matteus 5:14-16: *“Julle is die lig vir die wêreld. ’n Stad wat op ’n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ook steek ’n mens nie ’n lamp op en sit dit onder ’n emmer nie maar op ’n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.”*

Op die oog af lyk dit of hierdie twee gedeeltes mekaar weerspreek. Volgens die eerste gedeelte hierbo (Matt.6) moet die goeie daad verborge bly, maar volgens die tweede gedeelte (uit Matt.5) moet gelowiges hulle lig voor die mense laat skyn *“dat hulle julle goeie werke kan sien”*. Die verskil lê natuurlik in die motief van die aksie. Die motief waarteen Jesus dit in Matt.6 het, is *“sodat mense met lof van hulle (diegene wat die goeie werke doen) kan praat”*, terwyl die motief wat Jesus in Matteus 5 voorhou, is *“dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.”*

Vir die doel van hierdie opdrag beteken dit waarskynlik dat die kerk in die eerste plek goeie dade moet doen wat God se liefde in die wêreld sigbaar maak. In die tweede plek kan dit beteken dat die kerk haar stories vertel - nie op ’n manier wat die kerk in die kollig plaas nie, maar op ’n manier waarop die Vader wat in die hemel is, verheerlik word.

Om dit aan te moedig, sou die sinode dalk ’n sleutelsin kon gebruik soos: “Kyk wat doen die Here hier!” Met dit as motief kan gemeentes aangemoedig word om hulle stories op skrif of in video of in watter ander formaat ook al te vertel. Sulke stories kan in die sinodale nuusbrief opgeneem word en aan Kerkbode gestuur word.

Miskien belangriker is dat so ’n manier van dink en praat by lidmate gekweek word, sodat dit ’n lewenswyse word om in die daaglise lewe goeie dade raak te sien en God se hand daarin te herken.

Die patroon wat mense moet verstaan en herken, is dat God die wêreld lief het. Sy liefde kweek warm harte en diensbaarheid by sy mense. Dit gaan in die daaglikse lewe oor in duisende klein dade van omgee en sorg. Dit is die manier hoe God se liefde deur sy mense na die wêreld toe vloei.

Die evangelie is ’n boodskap van paradokse: Wie eerste is, sal laaste wees; wie belangrik wil wees, moet onbelangrik soos ’n kind word; “… wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor, maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou.”

Miskien werk dit in hierdie saak op ’n soortgelyke manier. In die mate waarin die kerk van haarself vergeet en haar toespits daarop om ’n kanaal van God se liefde te wees, sal die kerk se beeld ook in die oë van die wêreld verbeter.

5. Respondente se bydraes

Die bydraes word ongeredigeerd, en in geen spesifieke volgorde geplaas nie.

5.1. Respondent 1

God se leiding wanneer mens ‘n baie diep verhouding met Hom het, is (in my opinie) spontaan en onverwags. **Christus** bepaal hoe die wêreld die Kerk sien. Hy bepaal ons oortuigings en hoe ons dit deel. Ons verhouding met Hom en die verdieping daarvan, behoort dus ‘n spontane oorvloei van Galasiërs 5:22-25 tot gevolg te hê, en dus die lig te wees wat die wêreld behoort te sien.
Paulus praat gereeld hoe ons in Christus “vry” is en nie gelyk moet word aan die kultuur van die wêreld nie. Die Kerk (LIGGAAM VAN CHRISTUS) is juis anders, en moet verseker nie vergelyk word met ‘n verbruikerskultuur nie. God sê nooit “wees bekommerd oor my kerk nie”, Hy sê “wees ‘n lig in die wêreld” omdat jy ‘n persoonlike verhouding met MY, die Allerhoogste, het.
In Hand 1:8 word ons herinner aan die Heilige Gees wat oor ons sal kom en ons getuies sal maak. Indien dit sou beteken dat jy video’s wil deel en oortuig daarvan is, doen dit. Maar slegs as God dit op jou hart lê, en niè omdat die NG kerk besluit het dis die nuwe “flavour of the week” nie. So, gee ruimte daarvoor, maar wees versigtig om nie gelyk te word aan die wêreld nie. Jongmense lig hulle hande op met “Praise en Worship”, daar is ruimte daarvoor, maar om almal aan te moedig om dit te doen, mag moontlik geforseerd en kunsmatig lyk. Sal alle gemeentes en mense steeds dieselfde moeite doen om die stories te deel indien dit anoniem is? Dat dit werklik God verheerlik, en nie hulle name of gemeente nie?
Ek voel die beeld van die Kerk is al lankal irrelevant. ‘n Beter vraag sou wees: Wat is die taak van die NG kerk? En indien ons Sy lig na die wêreld met video’s en Tik Tok (deur ekstrovert Christene) uitdra - aangesien geen nie-Christen die Kerkbode of sinodale nuusbrief lees nie - is die NG kerk dalk besig om te vergeet dat God in beheer is en sal bepaal hoe Hy sy ligdraers wil stuur. Deur Sy woord en Sy waarheid behoort elke gemeentelid in hulle allerdaagse omgewing hulle lig te laat skyn (Galasiers 5:22).
Met bogenoemde bedoel ek dat die Kerk die geestelike groei en wapenrusting moet bied. Die Heilige Gees laat ons die vrug van die Gees dra (ligdraers) en God bepaal die beeld en rigting.
Ten slotte: Is die NG Kerk besig om hulle lidmate te bemagtig om hulle lig te laat skyn? Geestelike volwassenheid sal ‘n beeld van God èn die Kerk wees! Weet gemeentelede werklik hoe om te bid? Het gemeentelede al die Bybel deurgelees? Ken gemeentelede werklik die Bybel? In my opinie is die taak van die NG Kerk juis

bogenoemde, om meer relevant te wees ipv om bekommerd te wees oor die “beeld” van die Kerk.

5.2. Respondent 2

Ek het sommer weggespring en vir Chatgpt gevra wat is die siening in AI van die NG Kerk.
Summary**:** The Dutch Reformed Church in South Africa is viewed by many as having a controversial history due to its association with apartheid, but it is also seen as an institution in the process of healing and reconciling with its past. Its more conservative stance on social issues still garners criticism, but it also maintains a strong identity, particularly among Afrikaners and conservative communities. “*How this history and reputation affect the person you're speaking with will likely depend on their own views on the church and its legacy.”*

My mening is dat vir die binne die kerk is die beeld voldoende, maar is ek oortuig dat die NG Kerk omvattend haar beeld Korporatief/Institusioneel moet evalueer en beter posisioneer.

- Ekosistemiese-denke en benaderings, deelname oor grense heen aan sosiale uitdagings in SA, kan baie waardevol wees.
- Platforms en waardeskepping vir die geloofgemeenskap kan ‘n fantastiese bydrae lewer.

5.3. Respondent 3

Dit is vir bietjie moeilik om op die onderwerp te reageer, want ek voel ‘ek weet nie genoeg’ van die onderwerp. Die rede hoekom ek sou se ek genoeg weet nie, is reeds die onderwerp wat na gekyk word. Persoonlik probeer ek die kerk sien as ‘n veilige hawe en waar God se naam geprys word. My ervaring is dat die kerk waarde toevoeg tot my lewe met selgroepe en kursusse wat hulle aanbied. Hulle maak ook ‘n verskil in die gemeenskap met baie projekte wat hulle die stad en sy mense in ‘n beter posisie probeer sit. Wanneer mense oor die ‘politiek’ van kerke praat, probeer ek gewoonlik onttrek, want ek wil nie deel wees van dit nie. Dalk is ek naïef om nie te wil luister wat mense te se het nie, maar ek voel net dat die kerk word ‘bestuur’ deur mense. Waar daar mense is, is daar altyd drama…dit maak nie saak of die werk, kerk, kultuur of sport is nie. Ek dink dat mense baie vas hak by die ‘drama’ wat deur die mense veroorsaak word en die punt mis van die kerk.

Toe ek jonger was, was ek meer liberaal en het graag oor my geloof en indirek oor die kerk gepraat. Soos ek ouer geword het, het ek dit minder begin doel. Die rede so eenvoudig dat ek nie ingesprekke wil betrokke raak waar mense negatief is nie. In teen deel – tans voel ek dat my verhouding met God is iets ‘sacred’ en persoonlik en ek wil nie noodwendig dit met ander deel, wat maar beteken dat ek ‘n emmer oor my lamp sit, wat selfsugtig is.

Iets ander wat ek graag sommer wild eel – ek is enkellopend en opsoek na iemand met wie ek my lewe kan deel. Ek maak gebruik van ‘dating apps’. Daar is ‘n paar goed wat ek vooraf vir ouens vra wat vir my belangrik is, waarvan geloof een is. Ek

het iets baie interessant opgemerk – daar is baie ouens wat se dat hulle gelowig is en in God glo, maar nie meer kerk toe gaan nie. Dit is gewoonlik nie ‘n gesprek wat ek te diep in delf nie, maar hulle redes is onder andere – dat die kerk net ‘n besigheid geword het wat mense se geld soek, die politiek in die kerk en dan is daar mense wat nie saam stem oor hoe sekere kerke hulle geloof uit leef, soos om in tale te praat ens. Sommer net gedink dit sal interessant wees om dit ook te deel.

5.4. Respondent 4

Wanneer ons holisties na die beeld van die kerk kyk dan word daarna verwys as “Die Kerk is die liggaam van Christus op aarde” .
Dit op sigself - as ‘n wetenskaplike definisie - maak geen sin vir nie-Christene, en kan ‘n Legio van betekenisse hê vir baie van die getroue kerkmense; want ons is mos maar ons eie maaksels wat groei, ontwikkel en dan uiteindelik verdwyn, net om die siklus weer te begin - in ‘n volgende generasie.
Vir die deursnee lidmaat - is die Kerk sy gemeente – daar waar hy homself gemaklik vestig en uitleef, en is die groter Kerk iets daar ver.
Daarom word daar dan gereeld na binne gekyk om vrese en bekommernisse oor, finansies, lidmaatgetalle, verouderde geboue, ens. te probeer hanteer. Ons moet egter onthou dit is niks nuuts nie en is ‘n dilemma oor die eeue heen waarmee gemeentes worstel.
Ons praat hier oor elemente en hulpbronne en ons moet slegs hier besin of daar genoeg van hierdie elemente in die toekoms beskikbaar gaan wees om steeds kerk te kan wees.
Die Kerk sal bly voort bestaan, dit is ‘n gegewe wat telkemale deur die eeue bewys is.
Buite die eie gemeente is die kerk dikwels daar ver. Ringe en sinodes kan mense verwar en dan word daar ook nog verwys na “die Kerk” as irrelevant, besig met rantsake, mis die punt, maak geen verskil nie, baklei oor onbenullighede, want hier in die eie kokon is daar ander nadere daaglikse take wat aandag verg.
Inklusief is die persepsie dan - hier bedien ons die gemeenskap en doen ons dade op ’n manier waarop die Vader wat in die hemel is, verheerlik word.
Om weer terug te kom by die meer holistiese begrip van wat die beeld van kerk is wil ek eerstens stilstaan by kulturele sieninge van wat die beeld van die Kerk beteken.
Swartmense beskou die kerk as ‘n plek waar lang uitgerekte byeenkomste met baie simboliese handelinge en sing en dans aan die orde van die dag is.
Kleurlinge is meer formeel met die klem op kleding en vaste dogma.
Jonger mense wil sing en vermaak word terwyl die deursnee Afrikaanse kerkganger wil luister en nie hou daarvan dat sy konsentrasie verbreek word nie.
Ortodokse en katolieke is ingestel op rituele en simbole.
Moet dit nou oor kulturele grense ‘n bekommernis oor die beeld van die kerk wees. Nee glad nie, moet ook nie karring om dit te probeer verander nie, dit is nie nodige nie.
Jonger mense wil sing en vermaak word – die beeld van die Kerk, in my opinie loop hand aan hand met die ontwikkeling van die verskillende generasies oor die afgelope 100 jaar.
Afhangende van hoe jy daarna kyk, uit welke generasie se oogpunt, is die oorsprong van baie van die persepsies wat ons elke dag hoor soos “die kerk het sy relevansie verloor”, “dit is nie meer nodig nie” en “dit maak geen verskil nie”.

Vir ouderwordende lidmate van die NG Kerk is die Kerk geskep deur die “skeppers” die generasie tussen 1918 en 1946.
Ons generasie die Baby Boomer (1945 – 1964) het ons self in die struktuur gevestig. Ons hou van orde, standvastigheid, jy verander nie vir elke bakatel nie.
Nou skielik loop die kerk leeg, daar is nie meer 35 tot 55 jariges nie, wat ook impliseer nie eintlik onder 35 jariges nie.
Is hulle almal slagoffers van immigrasie, demografiese veranderinge wat voorgehou word as die probleem wat opgelos moet word? Nie noodwendig nie.
Om die beeld van die NG Kerk te verander moet ons gaan kyk hoe opereer generasie X & Y.
Hoe dink hulle?
Hierdie generasie dink anders as die 2 generasies voor hulle. Hulle het ‘n mantra van anti-establishment, weg stoot van gesagsfigure. Hulle is welvaart gedrewe, tersiêr opgelei, het entrepreneurs geword. Hulle lewe in die pas en omstandighede van die tegnologiese revolusie. Hulle het nie tyd of lus vir ‘n Kerk met ‘n stadige pas buite die tegnologiese welvaart van vandag nie.
Om die beeld van die NG Kerk te verander sal ons dus moet besin hoe hierdie generasie binne die kerk kan funksioneer, want hulle is nou daar ver aan die buitekant. Hulle is of gemeenteloos, nie Godsdiensloos, of by Charismatiese gemeente wat aan hulle behoeftes voldoen. Hoe word hulle inklusief sonder om die gevestigde basis weg te stoot, is die groot vraag.

5.5. Respondent 5

Die voorblad van die Sondagkoerant skroom nie om sensasie te publiseer nie. En ongelukkig is dit wat hulle as sensasie klassifiseer, nie die barmhartigheidsinisiatief van die NG Kerk nie, maar liewer die onlangste kontroversiële uitspraak oor gays in die bediening.

Die groter media skets nie altyd die volledige prentjie nie, en dis hoogtyd dat dit verander. Neels Jackson se voorstel om pertinent stories te deel, spesifiek oor hoe die NG Kerk, God se liefde in die wêreld sigbaar maak, is dus nie net sinvol nie, maar van kardinale belang.

Dus in kort: Mag die kerk aanhpu om met oorgawe stories te vertel van wat die Here hier doen.

Ons wêreld het nodig om hiervan kennis te neem.

5.6. Respondent 6

Persoonlik, uit eie ondervinding, dink ek die beeld wat die kerk uitdra, word bepaal deur die kwaliteit van leierskap in n bepaalde gemeente. In die opsig kan jy die kerk met n besigheid vergelyk. Enige besigheid se sukses word bepaal deur die visie, leierskap en bestuurs-kwaliteite van die eienaar/bestuurder. Die uitdaging vir die kerk om wereldwyd te oorleef gaan al groter word en die vraag is of nie meer aandag daaraan gegee moet word nie om predikante ook as "bestuurders" op te lei.

5.7. Respondent 7

Neels Jackson se boek, Drie dekades van verandering, handel onder meer met die beeld van die kerk. “Beeld van die kerk” in in sigself ‘n prikkelende begrip vir ‘n debatsonderwerp. Mense se “verbeelding” van die kerk verskil immers. Vir een groep is die kerk ‘n gebou, dikwels met ‘n toring. Vir ‘n ander groep is dit ‘n plek wat hulle lank gelede besoek het.
Om die beeld van die kerk in die algemeen vas te vang, is dus bykans onmoontlik. Om binne die breë kerkgemeenskappe van die wêreld die NG Kerk uit te sonder, is inderdaad onmoontlik.
Binne my eenvoudige geloofsbesef het gelowiges hul eie beeld van die kerk, ongeag die kerkgenootskap waarvan hulle deel vorm. Vir hierdie groep is die kerk ‘n samelewingsgemeenskap wat deur hul geloof saamgesnoer word en uit genade alleen lewe. Omdat Christus hul verlosser is, word hulle gered. As deel van die genade wat gelowiges ontvang, deel hulle ook met ander wat minder ontvang het. Die kerk staan nie los van die samelewing nie, maar die ondersteuning van mense in hul geloofsreis moet sentraal staan. Hierdie geloofsreis sluit ook diens en ondersteuning aan ander gemeenskappe in. Op hierdie wyse sal die foute van die verlede te vermy word en die kerk se ware rol (eerder as beeld) die wêreld gevestig word.

6. Ter afsluiting

Hier is ‘n klompie stof tot nadenke. Miskien sal dit goed wees as ringe moeite doen om oor die beeld van die kerk in hulle eie omgewing te praat.